'LONDENSE KOERANTBERIG ONVERANTWOORDELIK'

Spesialis sê beserings was gering

Deur 'n Hofverslaggewer

Twee spesialis-patoloë het gister getuig dat die voordoodse beserings aan Timol deur aanranding veroorsaak kon gewees het. Een patoloog het egter gesê die beserings was van 'n geringe aard en Timol kon dit in die alledaagse lewe opgedoen het.

Die twee patoloë, dr. N. J. Schepers, senior staatspatoloog, en dr. J. Gluckman, het in die Johannesburgse landdroshof getuig in die geregtelike ondersoek na die dood van Ahmed Timol, die Indiër wat verlede jaar van die tiende verdieping op John Vorsterplein geval het.

Dr. Schepers het in kruisverhoor deur adv. S. A. Cilliers (namens die Polisie) gesê dit is baie moeilik om die ouderdom van die kneusings vas te stel. Hy het gesê al vyf kneusings wat Timol voor sy dood opgedoen het, kan ouer as vyf, of selfs ouer as 12 dae wees.

Behalwe een besering is daar geen tekens van ernstige geweld nie. „Ek het al baie mense gesien wat ernstig aangerand is. In sulke gevalle vind 'n mens altyd gekraakte en gebreekte bene.

'n Mens vind ook kneusings op plekke waar die persoon nie self kan bykom nie. By Timol was al die kneusings geleë op plekke waar hy homself kon beseer het, het die dokter gesê.

In dié stadium het adv. I. Maisels (namens die Timol-gesin) beswaar gemaak teen die „leidende vrae" wat adv. Cilliers aan dr. Schepers sou gevra het. Hy het gesê adv. Cilliers het lank voor die tyd geleentheid gehad om dr. Schepers te spreek.

Tegniese punte

Adv. Cilliers het gesê dat hy net op rekord wil laat plaas dat adv. Maisels ingestem het dat hy dr. Schepers kan spreek om sekere tegniese punte op te klaar.

„Uit ons samesprekinge het dit toe geblyk dat baie dinge wat dr. Schepers gaan sê, voordelig vir adv. Maisels se saak is. Daar is baie verskille tussen my saak en dr. Schepers se getuienis. Ek het nog geen samewerking van dr. Schepers gehad nie. Nou dat hy sekere inligting uit sy eie bekend maak adv. Maisels beswaar," het adv. Cilliers gesê.

Dr. Schepers het hierna Timol se beserings opgesom. Hy het gesê Timol het ernstige beserings gehad wat sonder twyfel deur die val veroorsaak was.

Hy het ook ou beserinkies gehad wat nie ernstig was nie en wat deur homself of deur 'n aanranding veoorsaak kon wees.

„Hy was 'n jong onderwyser wat aan allerlei bedrywighede deelgeneem het waarin hy moontlik kneusings kon opdoen. My algemene indruk is dat die beserings almal ouer as agt dae was."

Dr. J. Gluckman, wat deur die Timol-gesin se regsverteenwoordigers gevra is om 'n nadoodse ondersoek op Timol uit te voer, is toe na die getuiebank geroep.

Hy het getuig dat sy regsverteenwoordigers hom aangeraai het om volledig verslag te doen oor enigiets wat nie deur die val veroorsaak is nie sodat vasgestel kan word of Timol vooraf beserings opgeden het.

„Dit was vir my duidelik dat hy wel beserings voor sy dood opgedoen het — òf voordat hy in hegtenis geneem is òf daarna."

Noukeurig

Hy het ontken dat hy ooit opdrag ontvang het om vas te stel of die ou beserings opgedoen is voordat Timol deur die polisie aangehou is. „Ek is net gevra om so noukeurig moontlik verslag te doen."

Hy het gesê hy maak beswaar teen bewerings van adv. Cilliers dat hy daar is om die Timol-gesin by te staan en die polisie in 'n swak lig te stel.

Hy het erken dat hy bewus was van onverantwoordelike bewerings in koerante oor Timol se dood.

Dr. Gluckman het getuig dat hy 'n berig in November verlede jaar in die Londense koerant, The Observer, gesien het waarin beweer word dat Timol se vingernaels uitgetrek was, sy een oog uitgesteek is en sy teelklier gestamp is.

Hy het onmiddellik 'n brief aan die redakteur geskryf dat hy namens die Timols 'n lykskouing gedoen het en geen tekens van die beweerde mishandeling opgemerk het nie.

Hy het gesê sy brief het ses of sewe weke daarna in so 'n verkorte vorm in die koerant verskyn dat hy dit amper nie raakgesien het nie.

Verslaggewer

Dr. Gluckman het ook getuig dat dit moontlik is dat Timol die een of ander tyd gedurende sy aanhouding deur die polisie aangerand kon gewees het. In sy verslag het hy baie van die beserings se ouderdomme as tussen vyf tot ses dae aangegee, maar dit toe verander na vier tot agt dae na aanleiding van die verslag van die Australiese spesialis wat deur al die ander patoloë as handleiding vir hul bevindinge gebruik is.

Mnr. Freek. Swart, verslaggewer vir 'n Afrikaanse Sondagkoerant, het vinnig kom getuig oor 'n berig wat hy na Timol se dood geskryf het ná inligting van genl. C. J. Buys.

Hy het gesê hy het net 'n kort mededeling van genl. Buys ontvang. Hy het sy berig daarna gaan skryf. Hy het nie notas gemaak nie en kon gefouteer het in sy aanhaling oor wat genl. Buys gesê het.

Voor die hof gistermiddag verdaag het, het adv. Cilliers gesê hy het met genl. Buys se spesialis gesels en hy het gesê die generaal mag minstens vir die volgende twee maande nie in die hof kom getuig nie.

Genl. Buys het sowat 'n maand gelede in die getuiebank inmekaargesak na 'n beroerteaanval. Hy word sedertdien medies behandel.

Adv. Maisels het gesê hy sou graag nog 'n paar vrae aan genl. Buys wou vra, maar hy versoen hom met die omstandighede.

Die ondersoek word vandag voortgesit.

Tim
bese
kan
oud

DIE kneusm
Timol se bo
24 uur en se
wees het, het
J. Gluckman,
verhoor deur
woordiger va
sie, mnr. S.
Timol het vyf
tasie gesterf.

Die dokter
toloog wat
Johannesburg
die geregtelik
die dood van
diër lewer. A
op 27 Oktober
sterf nadat hy
op die tiende
Johan Vorster

Terwyl dr.
mnr. Cilliers
hy op vrae v
mnr. J. J. L.
assessor, prof.
gesê dat die
Timol se reg
voor sy dood o

Hy het erken
van 24 uur to
kan wees.

In verdere k
mnr. Cilliers h
sê die verkl
kneusing is 'n
bare metode
dom daarvan v

Mnr. Cilliers
maksimum is
tydperk. Dit k
tien dae ook
Om you te antw
kulasie wees. H
nie geskryf om
op te los nie.

Mnr. Cilliers
weet of dit agt
wees." — Ek
net sal spekuler

Die ondersoe